HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID: SELFONE, IPOD'S, MP3-SPELERS, “BOOMBOXES”, DRAADLOSE OORFONE, ens.

Inhoud

BELEID: SELFONE, IPOD'S, MP3-SPELERS, “BOOMBOXES”, DRAADLOSE OORFONE, ENS. 2

BELEID: SELFONE, IPOD'S, MP3-SPELERS, “BOOMBOXES”, DRAADLOSE OORFONE, ENS.

1. **Geen** selfone, iPod’s, MP3-spelers, “Boomboxes”, draadlose oorfone of soortgelyke items, mag tydens skoolure sigbaar of aangeskakel wees nie. Uitsonderings kan voorkom indien dit in ‘n klas as onderwyshulpmiddel gebruik word. Die betrokke personeellid sal dan toestemming gee en toesig hou.
2. Indien leerders enige van hierdie items sou bring en dit word gesteel, neem die skool **geen** verantwoordelikheid daarvoor nie en **moet dit gevolglik ook nie by die skool aangemeld word nie.**
3. Indien ’n onderwyser enige deel (bv. oorfone) van bogenoemde items gedurende skoolure by ’n leerder sou sien of hoor, sal dit onmiddellik gekonfiskeer word. **Indien dit die eerste oortreding is, moet die item by die kantoor ingehandig word en mag die leerder die item aan die einde van die skooldag by die finansiële beampte gaan afhaal. Vanaf ‘n tweede oortreding mag slegs die ouer/voog dit by die kantoor kom afhaal na verloop van ‘n tydperk van 24 uur**. Indien dit nie moontlik is nie, moet die ouer self reëlings met die skool tref.
4. Indien ’n selfoon gekonfiskeer word, mag die leerder die SIM-kaart hou. Die item sal in ’n koevert, met die leerder se naam op, in die kluis bewaar word. Meld spesifiek die tipe foon, of die battery uitgehaal is of nie, of die leerder die SIM-kaart gehou het en laat die onderwyser en die leerder teken bo-oor die toegeplakte koevert.
5. ‘n Register van gekonfiskeerde items sal by die finansiële beampte gehou word.
6. Geen selfoon mag as ‘n sakrekenaar of horlosie gebruik word nie.